



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MAMESBURY OP WOENSDAG, 19 FEBRUARIE 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Raadsheer R F van der Westhuizen  
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 22 JANUARIE 2020**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Januarie 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP  
12 FEBRUARIE 2020**

*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

**5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 FEBRUARIE 2020**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging ter vervanging van die aanbeveling onder –

ITEM 7.1 MOORREESBURG AKSIEGROEP: (1) EIS VIR 1500 RDP HUISE EN 500 GAP HUISE; (2) VOORGESTELDE 50/50 BEGINSEL VIR DIE BEOOGDE DE HOOP KATALISPROJEK, MALMESBURY (17/4/2/B)

**BESLUIT**

- (a) Dat daar kennis geneem word van die eis (demand) van MAG (Moorreesburg Action Group) dat daar 1500 HDP huise en 500 GAP huise in 2020 in Moorreesburg gebou moet word;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die sogenaaarde 50/50 versoek, ingevolge waarvan 50% van enige erf of behuisingsontwikkeling te Malmesbury te gelykertyd in Moorreesburg moet plaasvind en dat Malmesbury dan weer 50% sal terug kry wanneer 'n ontwikkeling te Moorreesburg plaasvind, maar dat die versoek nie ondersteun kan word nie, weens die volgende redes:
  - (i) Die volgorde van behuisingsontwikkelings van die verlede het ten doel om gelyke beregtiging te bevorder, deurdat die belang van alle dorpe gedien word, soos wat geld vanaf die Departement van Menslike Nedersettings beskikbaar gestel word;
  - (ii) Daar nie 'n precedent jeens ander dorpe geskep kan word nie, want dan mag die daaropvolgende dorpe – in die prioriteitsvolgorde dieselfde eis hê, wat gefragmenteerde ontwikkeling oral oor nie koste-effektief sal maak nie;
  - (iii) Die nood vir behuisung oral oor ewe groot en dringend is, en dat hierdie beginsel aanleiding sal gee tot "queue jumping" van dorpe op die prioriteitsvolgorde sowel as begunstigdes op die waglys;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die versoek van MAG – via 'n skrywe van Swartland Munisipaliteit – om dringend met die Minister van Menslike Nedersettings te ontmoet;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat as voorloper tot die behuisingsprojek (en om laasgenoemde te laat realiseer) daar reeds in die 2020/2021 finansiële jaar 'n aanvang geneem sal word met die opgradering van die riolwerke te Moorreesburg (welke projek weens die omvang daarvan oor 'n tydperk van drie jaar gedoen sal word) en dat die hersonering- en omgewingsprosesse ten opsigte van 'n gedeelte van die behuisingsprojek reeds volvoer is;

## 5.1.3/...

- (e) Dat daar verder kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit enige inisiatief sal ondersteun van die Proviniale Departement van Menslike Nedersettings om voort te gaan met 'n projek te Moorreesburg (en enige ander dorp), indien addisionele fondse beskikbaar gemaak word vir implementering in die volgorde soos wat historiese projekte gedoen was, ten einde "queue jumping" te voorkom;
- (f) Dat daar weereens bevestig en te boek gestel word dat die befondsing vir die voorsiening van behuising 'n Nasionale en Proviniale bevoegdheid is en dat enige projek afhanklik is van befondsing vanuit die Nasionale fiskus.

## 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

## 7. NUWE SAKE

## 7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2019/2020 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die goedkeuring van die half-jaarlikse aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting van die 2019/2020 tot 2021/2022 meerjarige begroting in Januarie 2020 het wysigings aan die SDBIP genoodsaak.

Die gewysigde SDBIP is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2019/2020 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

## 7.2 VORDERING MET DIE JOINT DISTRICT APPROACH (JDA) IMPLEMENTERING (11/1/2/38)

Die *Joint District Approach* (JDA) is 'n program wat deur die kabinet goedgekeur is en gedurende Oktober 2019 deur Minister Bredell in die Wes-Kaap uitgerol is. Die doelstelling van die program is om 'n geïntegreerde benadering te volg tot beplanning, begroting en implementering van projekte in samewerking met al drie regeringsfere om goeie regering en dienslewering te verbeter.

Na afloop van die uitrol van die program het verskeie DCF-vergaderings plaasgevind om 'n verwysingsraamwerk op te stel en te besluit op die oorhoofse temas vir die Weskus, naamlik:

1. Behuising
2. Onderwys en Sosiale Welstand
3. Veiligheid
4. Ekonomiese Groei
5. Inligting-, Kommunikasie en Tegnologie (ICT) konnektiwiteit
6. Water- en Vaste afvalbestuur
7. Energie sekuriteit
8. Geïntegreerde Vervoer
9. Hefboomfinansiering deur Inkomste uit Eiendomsbelasting (iets wat duidelik blyk uit die Groepotensiaalstudie)

7.2/...

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die vordering met die *Joint District Approach* (JDA), die konsep Verwysingsraamwerk/“Terms of Reference” (TOR) en voorgestelde temas;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat die DCF in die toekoms ‘n belangrike rol sal speel ten opsigte van koördinering;
- (c) Dat die JDA en DCF in kennis gestel word van die in beginsel aanvaarding van die konsep TOR van die JDA.

**7.3 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE DISSIPILINÉRE RAAD VIR AANBEVELING AAN DIE RAAD (5/15/1/5)**

Die doelstelling van die Dissiplinére Raad is om as ‘n onafhanklike adviserende liggaam te dien om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoeke na finansiële wangedrag.

Die Dissiplinére Raad moet uit vyf lede bestaan en het die lede wat tans op die Raad dien hulle bereid verklaar om vir ‘n verdere termyn aangestel te word.

**BESLUIT**

- (a) Dat paragraaf 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* bepaal dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinére Raad nie ‘n termyn van drie jaar mag oorskry nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van die kommentaar in paragraaf 2 van die verslag, die volgende goedkeuring verleen ten einde kontinuïteit in die bestaan van die Dissiplinére Raad te verseker:
  - (i) die aanstelling van mnr C B de Jager as voorsteer van die Dissiplinére Raad met ingang van 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2022 of tot 31 Oktober 2021 indien mnr De Jager se termyn as lid van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee nie verleng word nie;
  - (ii) die verlenging van die huidige ampstermyn van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, en die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh, vanaf 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2022 en die Senior Bestuurder: Interne Oudit, mnr P le Roux, vanaf 1 Januarie 2020 tot 31 Mei 2021;
- (b) Dat vergoeding betaalbaar aan die eksterne lid van die Dissiplinére Raad gelykstaande sal wees aan die sittingsfooi vir bywoning van vergaderings van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee.

**7.4 VERHUUR VAN HANDELSPASIES TE JAKARANDASTRAAT, MALMESBURY (12/1/3/1-1/1)**

Die Munisipaliteit is in proses om ‘n entrepreneursnode op Erf 7516, Jakarandastraat te vestig wat uit vier doelgeboude skeepsvraghouders sal bestaan. Die skeepsvraghouders sal ingerig word vir onderskeidelik ‘n (1) barbier/haarsalon, (2) klerewinkel, (3) wegneemetes en (4) snoepie/Tuckshop.

Die voorgestelde kriteria en aansoekproses vir die verhuring van die skeepsvraghouders is met die sakelys gesirkuleer en versoek rdd M S I Goliath dat daarteen gewaak word dat die besighede slegs deur een persoon of familie bedryf word.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die kriteria verfyn sal word, onder andere, dat die huurder nie geld verskuldig mag wees aan die Munisipaliteit nie.

Die Municipale Bestuurder noem dat die poging om ‘n lys van name te kry van staatsamptenare woonagtig in die Swartland munisipale gebied onsuksesvol was en dat raadslede versoek word om alle moontlike platforms te gebruik om die versoek te laat realiseer.

## 7.4/...

Die beginsel wat vir raadslede en munisipale amptenare geld om nie agterstallig te raak met dienstegelde nie, behoort ook vir alle staatsamptenare te geld.

**BESLUIT**

- (a) Dat die aangehegte kriteria en aansoekproses goedgekeur word vir die identifisering van huurders vir die beskikbare handelspasies;
- (b) Dat die Direkteure van Korporatiewe Dienste en Ontwikkelingsdienste, tesame met amptenare van hul keuse, beopdrag word om voornemende huurders te evalueer en huurooreenkoms met die suksesvolle aansoekers aan te gaan, vir 'n periode van twee jaar en onderworpe aan 'n maandelikse huur van R100.00, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die terme en voorwaardes van die genoemde huurooreenkoms te bepaal, in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste;
- (d) Dat, op bestuursvlak, oorweging daaraan geskenk word om die dienste aansluitings (water, elektrisiteit) uit die Munisipaliteit se bedryfsbegroting te subsidieer, al dan nie.

**7.5 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2020 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2020.

**7.6 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.7 OPSTEL VAN BELEID INSAKE DIE HANTERING VAN DRUKGROEPE**

Die voorsitter, in die lig van die onlangse protesaksies en samesprekings met drukgroepe, voorsien konsep riglyne insake 'n beleid vir die hantering van drukgroepe.

**BESLUIT**

Dat die bestuurspan opdrag gegee word om 'n Beleid insake die Hantering van Drukgroepes op te stel vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**